

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
25 Desember 1973

Onderwerp: 'n Kind is gebore

Lees: Jesaja 9 verse 1 tot 6
Openbaring 12 verse 1 tot 6

Teks: Jesaja 9 vers 5

Sing: Psalm 118 vers 13
Gesang 107 vers 4
Psalm 131 verse 2 en 3

“Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee’.

“Jesaja se siel het gejubel van vreugde in God toe hy hierdie woorde geskrywe het oor die Kind wat gebore sou word. Hy het geskrywe oor 'n besondere Kind wat die teken was van God se trou oor: ‘Die volk wat in duisternis wandel’. (Jes 9:1)

“Kersfees is ook die tyd wanneer God se kinders, klein en groot, saam met Jesaja juig oor die Vader se geskenk aan die gevalle wêreld, wat in hierdie Kind 'n groot lig ontvang het. Dit is die Kind in wie die hoop van verlossing van die mens gesetel is.

“Kersfees of Christusfees is inderdaad Kinderfees. Lukas skryf: ‘... dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is. En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedaai is en wat in die krip lê.’ (Luk 2:11,12) Sonder die Christuskind sou daar geen Kersfees gewees het nie.

“Daar is ook voorbeelde van kinders in die Bybel wat bestem was om 'n rol te speel in die heilsopenbaring.

“Die HERE het aan Abraham 'n kind belowe. Ja, ondanks die ouderdom en onvrugbaarheid van die ouerpaar, het God in sy almag en verbondstrou aan Abraham gegee soos Hy beloof het.

“In die tyd van die Rigters het die Engel aan die vrou van Manoag beloof dat sy aan 'n kind geboorte sou gee. Dit was Simson wat Israel uit die hand van die Filistyne sou verlos.

“So het God aan Hanna en Elkana ’n seun geskenk. Sy naam was Samuel, omdat hy van God afgebid en aan God toegewy was.

“In die Nuwe Testament het God aan die priester Sagaria ’n kind belowe, terwyl hy besig was om in die tempel te offer. Die kind moes Johannes (Gawe van God) genoem word. Hy sou die wegbereider wees van ’n ander beloofde Kind, die Kindjie Jesus Christus.

“En ’n Engel het aan Maria verskyn en gesê: ‘Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue. ... En kyk, jy sal swanger word en ’n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.’ (Luk 1:28, 31)

“Die voorafgaande kinders van belofte was duidelike skakels in die Godsopenbaring aan die wêreld, wat uiting sou vind in die geboorte van Jesus Christus, wat die sonde van die wêreld sou wegneem. Almal het heengewys na die geboorte van die Beloofde, waaroor Jesaja meer as 700 jaar tevore reeds gejubel het: ‘Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee’. (Jes 9:5)

“Die HERE se wil word nooit gekeer nie. Dit bestaan tot in ewigheid. Teen die HERE se besluit, is daar geen verweer nie. Niks kan dit verander nie.

“Alhoewel Satan geweet het dat hierdie Kind gebore sou word, volgens die Moederbelofte; en hy probeer het om dit te stuit; kon en kan hy nie die verlossingswerk van God ongedaan maak nie.

“Reeds in die begin van die geskiedenis het Faraó opdrag gegee om alle seuntjies by geboorte dood te maak.

“Baie jare later sou Herodes navraag doen na die Kindjie van Bethlehem. Hierdie handlanger van die Duiwel wou nie hulde aan Hom bring nie, soos hy voorgegee het nie, maar wou Hom doodmaak.

“Ook Openbaring 12 bevestig dit. Die draak het voor die vrou gestaan wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind kon verslind sodra sy gebaar het. Maar Broers en Susters, God het hierdie Kind weggeruk uit die kloue van die Draak. Daarmee het God ook vir u en my gered van die ewige dood.

“Ook in ons tyd gaan Satan se aanvalle teen die Kind voort, met ’n wêreld wat deur duiwelse misleiding ’n Kersfees vier wat op alles behalwe Jesus Christus gerig is.

“Ja, u en ek, wat midde in die sonde gelê het en wat dood was deur die misdade, het Hy gered. Hierdie Kind is reeds eeue voor ons eie geboortes ook vir ons

gebore. Hy is ook gebore vir hulle wat vanmôre nog nie die ware betekenis van Kersfees besef nie.

“Dit laat die vraag ontstaan: Verstaan ons self die diep geestelike betekenis van Kersfees en die onuitspreeklike liefde van die troue Verbondsgod?

“God se antwoord op hierdie vraag is: Nee!

“Broers en Susters, ons verstaan dit van nature nie. Die wêreld ken nie dié wat uit God gebore is nie. Die wêreld begeer ook nie die kennis van God as hulle hoogste goed nie. Die wêreld weier om klein te wees voor God en om arm van gees te wees.

“Die sondaar wil liever ’n man wees, in plaas van ’n kind voor God. Hy wil eerder sterk wees as swak. Hy wil liever Jakob wees as Israel.

“En omdat hierdie Self en die eie Ek so ’n groot rol speel in die lewe van die sondige mens, vind ons in die wêreldgeskiedenis en selfs in die kerk, denkrytings soos Fariseïsme, Humanisme en Kommunisme.

“Ook in gelowiges se lewe speel die eie Ek so dikwels ’n rol. Hoe dikwels moet ons nie erken en bely dat die oue mens nog in ons lewenswandel op die voorgrond tree nie. Ons wil nie die minste wees nie, maar die eerste en die hoogste; en oortree daarmee God se gebooi.

“Hoe geheel ongeskik en onwillig is die onwedergebore mens nie om in kindergestalte voor God te verskyn nie. Selfs gelowiges is hieraan skuldig omdat die ware Kersfeesgesindheid nie in hulle lewens is nie en hulle nie ag slaan op Jesus Christus se woorde nie: ‘... leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart’. (Matt 11:29)

“Die kindergesindheid is volstrek nodig vir alle ware Kersfeesgangers. As die ware kindergesindheid by Kersfees ontbreek, sal ons ook geen deel aan Jesus Christus hê nie. Dit was tog duidelik Jesus Christus se bedoeling toe Hy gesê het: ‘Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.’ (Matt 18:3,4)

“Dit kom ook na vore in Jesus Christus se woorde: ‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.’ (Joh 3:3) Dit wil sê, as ’n sondaar nie deur die Heilige Gees innerlik verander, vernuwe en verklein word nie, sodat hy die lewe as ’t ware van vooraf soos

’n kindjie met God die Vader begin nie, kan hy geen erfgenaam van die Hemelse ryk wees nie.

“Hierin het Jesus Christus ons voorgegaan, toe Hy ’n Kind geword het wat in ’n krip neergelê is; toe Hy op sy knieë sy dissipels se voete gewas het; en Hy vir ons aan die vloekhout van die kruis gehang het.

“Dit is die gesindheid waarmee ons Kersfees moet vier, deur die geloof in die heilige Kind, Jesus Christus.

“Laat Kersfees ons opnuut help om die grootheidswaan van die oue mens, wat altyd die eerste en die vernaamste wil wees, te oorwin.

“Wie só gesind is, is wedergebore en is deur die Heilige Gees ’n lid gemaak van die gesin van God. Hier is dit nog ten dele, maar eendag daarbo in volmaaktheid by Hom, wat ter wille van ons vlees geword het en Kind geword het in die stal van Bethlehem.

“Broers en Susters, ons verheug ons nie in wat ons dalk gaan ontvang nie, maar in wat ons reeds ontvang het. Jesus Christus is ons Kersgeskenk van God. In Hom het ons die heerlikheid van die Eeue. Dit gee aan ons lewens ’n ewige dimensie.

“Dit stel ons in staat om ons Christendissipelskap uit te lewe in ’n koue en onverskillige wêreld. Ons kan vir die wêreld sê: Hier is julle God.

“Die Saligmaker, Jesus, is hier. Hy wat geluk, vrede en blydschap gee. Selfs in die swartste nag kan ons jubel: ‘Want ’n Kind is vir ons gebore’.

“Amen.”